# Biskop Pos

## Desember 21 Januarie 2022

**In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Johannes 1:1,14**



"In ons is daar ´n diep verlange na U, Here, om ons aan te raak, by ons te wees" - so kan ´n mens die lied van Ann Quigly vertaal, waarin sy oor hierdie verlange praat wat in verskeie lewensomstandighede in ons opkom.
Dink nou net - God het dieselfde verlange! Dis hoekom hy besluit het om mens te word! Die baba Jesus is deur sy ouers, deur Hanna, Simeon en baie ander in hul arms geneem, gekoester. En toe Jesus volwasse was, het hy op ´n stadium uitdruklik gesê: Laat die kindertjies na my toe kom!", en hy het hulle in sy arms geneem om hulle te seën! (Markus 10, 16) ´n Beeldjie van Karin Rabe wys die tevrede uitdrukking op die gesigte van Jesus en die Kinders wat by hom is - ´n Here wat nabyheid soek!

Ons is nou al amper twee jaar lank "op afstand", en baie mense verlang nie net na nabyheid van God nie, maar ook na ander mense. Ons moet vindingryk wees, om maniere te vind hoe hierdie nabyheid op ´n veilige manier kan plaasvind.
Terwyl ons dan hierdie nabyheid soek, laat ons onthou dat die Here self dit ook soek! Kersfees en Epifanias is sulke feeste waar ons dit vier. God wil naby wees! En die Here was ook vindingryk om maniere te vind om naby te wees nadat hy opgevaar het na die hemel.
In die doop voel ons dit in die water. By die Nagmaal smaak en sien ons dat die Here goed is. Wanneer ons met handoplegging geseën word, voel ons sy woord. Ja, daar is wyses om op ´n veilige manier hande op te lê.
Ek moedig ook ouers aan, om hulle kinders met handoplegging te seën. Egpare kan dit aan mekaar doen, en oumense kan deur hulle kinders of kleinkinders

met handoplegging geseën word. Sodoende kan ons voel dat God naby is, dat hy onder ons woon.

Mag die vrede en nabyheid van Christus hierdie Kersfees vir baie van ons ´n werklikheid word, sodat ons met vertroue en moed die nuwe jaar kan ingaan.

Groete in Christus 

**NELCSA Nuus**

1. Op 16. Oktober 2021 is **Käte van Scharrel** op die ouderdom van 90 oorlede. Sy was die weduwee van Pastor Bernhard van Scharrel. Die egpaar was eers in diens van die Hermannsburg sending werksaam, vanaf 1955-70 in die gemeentes Emmaus, Ramotswa en Klerksdorp van ELCSA Tswana Region, en daarna tot op aftrede in 1990 in Hakboslaagte (Gerdau) in ons kerk. Ons dank die Here vir haar lewe, en bid dat die gesin Sy troos sal belewe.

2. **Verkiesings:** Die sinode van **ELKSA Kaapse Kerk** het **Biskop Gilbert Filter** vir ´n verdere 4 jaar verkies. **Pastor Hans-Peter von Fintel** is sy "Deputy". Mag die Here hulle diens seën!
Die NELCSA Kerkbestuurslid **Ann Mokhine** is verkies as lid van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke se dagbestuur. Ons wens haar geluk. Mag sy, en deur haar die werk van die SARK geseënd wees.
Op 28 November is **Biskop NE Mogorosi** as Biskop van die **ELCSA Western Diocese** bevestig. Mag die Here sy diens daar seën.

3**. VELKSA: Ingrid Kassier** is as Vikar aanvaar. Sy het haat Meestersgraad in Teologie in Bloemfontein gedoen. Haar Eerste Teologiese Eksamen is op 27 Januarie 2022, en dan sal sy haar vikariaat by Felix Meylahn in Stellenbosch doen.
**Jessica Schmidt**, vrou van Pastor Rolf Schmidt (UELC) se Tweede Teologiese Eksamen vind ook op 27 Januarie 2022 plaas. Ons is saam met haar bly vir die mylpaal!
**Annelise Hofmann** is op 1. Advent, 28. November 2021 in Namibië georden.
Mag die Here hulle almal seën wanneer hulle die nuwe fase van hulle diens begin!

4. **Datums vir 2022**
**eQuip** in Hermannsburg, 2-6 Januarie. Tema "Touched". Meer inligting by https://www.nelcsa.net/equip-2022.html
**NELCSA Basuinfees** 22 Mei 2022 in Wartburg
**NELCSA Sinode** 14-16 Oktober 2022 in Noordrand